Laerskool Montagu se weeklikse nuusbrief
www.laerskoolmontagu.net
monties@telkomsa.net
023 614 1640

MONTIENUUS

20 September 2023
OB 34

Beste Ouers

Die Montienuus van hierdie week is die laaste vir die derde kwartaal. U ontvang saam met die rapporte 'n kwartaalverslag van die afgelope kwartaal se gebeure.

Ons sê baie geluk aan juf. Lizenke Carstens, wat op 30 September in die huwelik tree. Ons wens hulle 'n wonderlike dag en geseënde toekoms toe.

Ons het sedert 1 Februarie 'n aantal assistente by die skool. Hulle het deel gevorm van die Presidensiële Jeug Werkverskaffingsprogram. Hul kontrakte verstryk aan die einde van die kwartaal en ons moet hulle groet. Hulle was die afgelope jaar van groot hulp by die skool. Hulle het gehelp met verskeie administratiewe take en was ook betrokke by die buite-kurrikulêre program. Hul teenwoordigheid was beslis van groot hulp en ons gaan hulle hulp beslis mis. Ons wens elkeen van hulle sterkte toe met hul toekomsplanne. Juf. Sylvia Beukes bly aan as assistent in gr. 1, in 'n aparte assistentpos van die onderwysdepartement.

Baie dankie aan elkeen van u se ondersteuning en positiewe gesindheid die afgelope kwartaal met al die aktiwiteite by die skool, hetsy as ondersteuner, borg/donateur of afrigter. Ons bedank graag die volgende afrigters wat deurlopend by die wintersportprogram betrokke was: NETBAL: Francelle Bussell en Corli Sadie; RUGBY: o/7: Annelize van Niekerk, o/8: Francois Bosman en Claude Swanepoel, o/9: Anton Rautenbach, o/11: Jacques Stemmet en Brendon Moses, o/13: Robbie McAlpine; HOKKIE: Carla Joubert en Anene du Toit. Ons is baie dank verskuldig aan die ouers wat baie tyd spandeer het aan afrigting en die bywoon van wedstryde. Sonder u sou dit moeilik gegaan het.

Atlete sal sien dat atletiekafrigting by die Rama Akademie weer begin en dat daar 'n kliniek gedurende die vakansie plaasvind. Atlete wat belangstel word aangemoedig om in te skryf hiervoor. Dit is uitstekende voorseisoen voorbereiding.

Die skool sluit op 29 September om 10h30. Rapporte van leerders wat afwesig is, sal vanaf 10:15 – 10:30 in die saal beskikbaar wees. U kan by die voetgangerhekkie vanuit die aflaaisone direk na die sydeur van die saal gaan. Daar sal assistente wees wat die rapporte uitdeel. Indien u kind se rapport saam met iemand anders moet gaan, moet u dit skriftelik versoek asb.

Alles van die beste vir die res van die kwartaal.

Vriendelike groete

Jan Krüger
Skoolhoof

d6 Connect

Geborg deur:
Montagu SPAR
023-6143080
goed vir jou

BELANGRIKE DATUMS

Woensdag, 20 Sep	Montienuus: Laaste vir die kwartaal Talentkompetisie uitdunne
Donderdag, 21 Sep	Worcester Eisteddfod (voordrag en spreekkoor) tuis
Vrydag, 22 Sep	Entrepreneurs (gr. 7S)
Maandag, 25 Sep	Openbare vakansiedag (Erfenisdag)
Woensdag, 27 Sep	Gr. 5 SOS-Kamp Matrieksaal
Donderdag, 28 Sep	Gr. 5 SOS-Kamp Speletjiesdag
Vrydag, 29 Sep	Gr. 5 SOS-Kamp SKOOL SLUIT (10h30)

Personeel verjaarsdae

Casey-Lee Wilschut:
24 September

Dawieda Krüger:
28 September

Beurtkrag en ons telefoon:

Ongelukkig is ons sentrale baie oud. Wanneer die krag af is, gee die foon 'n luitoon wanneer u bel, maar dit lui nie by die skool nie. Ons kan dus nie oproepe ontvang tydens beurtkrag nie.

L E N T E D A G ! ! !

Ons jaarlikse Lentedag word op Donderdag, 28 September gehou. Leerders kan volgens 'n land aantrek. Daar is pryse op die spel. Die graad 7's bied lekker speletjies aan en leerders geniet 'n worsbroodjie tussendeur. Bring 'n geldjie vir kaartjies (R2 per kaartjie). Die snoepie gaan ook oop wees.

Daar is geleentheid om vooraf kaartjies te koop by jou klasonderwyser vanaf 21-26 September. 'n Maksimum van 10 kaartjies mag vooraf gekoop word. Daar sal op die dag ook nog kaartjies verkoop word.

Ratem Uitslae

Baie geluk aan die volgende leerders wat medaljes (toegeken vir hoogste prestasie bo 90%) ontvang het by Ratem.
Luan Koekemoer ontvang 'n medalje vir Gedramatiseerde Prosa en
Bea Pool vir haar gedig.
Luan ontvang ook 'n trofee vir Algehele Beste Prestasie vir Laerskool seuns met sy deelname aan Gedigte Seuns Gr. 6.

Baie geluk julle twee. Hierdie is uitsonderlike prestasies.

Worcester Eisteddfod: Kore Uitslae

Ons kore het op 13 September deelgeneem aan die Worcester Eisteddfod op Robertson. Beide kore het hard geoefen hiervoor en puik presteer.

Baie geluk aan die Juniorkoor wat 93% gekry het en aan die Seniorkoor wat 88% gekry het. Julle het pragtig geklink.

Ons sê ook dankie aan personeel en ouers wat die kore kom ondersteun het die middag.

Worcester Eisteddfod: Gedigte en Spreekkore

Hiermee herinner ons u net dat die leerders wat ingeskryf is vir die Worcester Eisteddfod Donderdag, 21 September, gaan deelneem.

Dit vind plaas by ons skool gedurende skooltyd. Alle deelnemers moet geklee wees in skooldrag.

REDENAARS

Drie van ons leerders neem deel aan Worcester-Noord Primêre Skool se Kultuuraand. Dit vind Dinsdag, 26 September 2023 plaas.

Ons wens die volgende leerders: Aliai Stopforth, Luan Koekemoer en Bea Pool baie sterkte toe.

Atletiekoefeninge:

RAMA-akademie

Maandae en Woensdae (14:30 tot16:00)

- Spiesgooi, gewigstoot, diskus
  Hesmari van Deventer
  (Maandae en Woensdae -14:30 tot 15:30)
- Fiksheid – Jordan Turner

Sessies @ R40